

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

# S v Machasa and Others (334/90)

## [1991] ZASCA 84 (4 July 1991)

**[1991] ZASCA 84**

## COURT

Supreme Court of Appeal

## BEFORE

Van Heerden, Hefer, Steyn

## CASE / FILE NUMBER

334/90

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

334/90 /mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÈLAFDELING)

Insake die appèl van:

ISRAEL MACHASA Eerste Appellant JERRY MOLOBENG Tweede Appellant JOHANNES MONO  
Derde Appellant JOHANNES MPSHE Vierde Appellant CHARLES RHAMAKHOASE Vyfde Appellant  
teen

DIE STAAT Respondent

CORAM : VAN HEERDEN, HEFER et STEYN, ARRVERHOORDATUM : 20 JUNIE 1991  
LEWERINGSDATUM : 4 JULIE 1991

UITSpraak

VAN HEERDEN, AR/...

1.

VAN HEERDEN, AR:

Wyle Joseph Mokoena ("die oorledene") was 'n

sogenaamde munisipale polisieman in diens van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad waaronder die plaaslike bestuur van Tumahole geressorteer het. Tumahole is 'n Swart woonbuurt buite Parys in die Vrystaat. Die oorledene en sy vrou was woonagtig in 'n huis op perseel 900 in Tumahole. Die perseel het gegrens aan Matsiestraat en daarop was nog twee huise, een waarvan deur mev Phalatsi bewoon was. Laasgenoemde huis en dié van die oorledene was aan mekaar verbind.

Op 29 Mei 1986 is die oorledene op 'n wrede wyse naby sy huis vermoor. Hy het die oggend omstreeks 6.25 tuis gekom nadat hy nagdiens verrig het. Kort daarna het 'n skare van etlike honderde mense in die onmiddellike nabyheid van perseel 900 vergader. Heelwat klippe is na die oorledene se huis gegooi en het onder andere op die dakke van dié huis 2/...

2.en die aangrensende huis beland. Die oorledene het nabuite gegaan en 'n skoot met sy haelgeweer in die lugafgevuur. Die skare, of die grootste gedeelte daarvan, het gevlug waarna die oorledene weer sy huisbinnegegaan het. Kort daarna het die skare weersaamgedrom en het die klipaansvalle hervat. Die oorledene en sy vrou is toe die huis van mev Phalatsibinne. Vanuit daardie huis het hy verdere skotegevuur, ten minste een waarvan in die rigting van die aanvallers. Die klipgooiery het egter voortgeduur.

Terwyl die oorledene geskiet het, is drie

petrolbomme na mev Phalatsi se huis gegooi. Tweedaarvan het brande veroorsaak. Kort daarna is teendie huis se kombuisdeur geskop. Die oorledene het dit oopgemaak. Hy het nog 'n skoot probeer skiet maar die

geweer het nie gevuur nie. Twee mans het hom toe beetgepak en na buite getrek. Hy het losgeruk en na

3/...

3.die grensdraad tussen persele 900 en 901 gevlug waarhy geval het. òf in perseel 900 òf in perseel 901 ishy van sy geweer ontnem, daarmee oor die kop geslaan en ook andersins aangerand. Op 'n stadium is blykbaar vermoed dat die polisie aan die kom was en het die oorledene se aanvallers hulle verskuil. Die oorledene, wat toe op erf 901 gelê het, het tevergeefs probeer opstaan. Die aanvallers ('n vyftal) het teruggekeer, die oorledene vasgegryp en hom op sy bors en kop gestee. Hy is toe na Matsiestraat getrek en op die grond neergegooi. Daar het twee van sy aanvallers groot klippe teen sy kop gegooi. Hierna is o.a 'n buiteband en stukke papier op die oorledene se lyf geplaas en vloeistof oor hom gesprinkel. Dit is met 'n vuurhoutjie aan die brand gestee. Nadat die vlamme 'n

rukkie gewoed het, het iemand geskreeu dat die polisie

op pad was. Dit het die aanvallers laat wegvlug. Die polisie was inderdaad kort daarna op die toneel.

4/...

4.Die oorledene was 'n skraalgeboude, vier-en-twintigjarige man. By 'n na-doodse ondersoek is bevind dat sy liggaam vier steekwonde gehad het; dat daar vergruising van sy skedel met breinlaserasies was, en dat daar veelvuldige brandwonde op onder andere sy gesig, kop, ledemate en bors was. Die oorsake van sy dood was die skedelvergruising en brandwonde.

Voortspruitende uit bostaande gebeure is die

vyf appellante en 'n aantal ander persone in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling aangekla van moord en openbare geweld. Die appellante is op beide aanklagte skuldig bevind. Op die moordklag is die eerste drie appellante die doodstraf opgelê" nadat bevind is dat daar geen versagtende omstandighede was nie. Die vierde en vyfde appellante, wat ten tyde van die moord nog nie 18 jaar oud was nie, is elk tot 20 jaar gevangenisstraf gevonnissen. Met die nodige verlof appelleer die appellante nou slegs teen

5/...5.bedoelde vonnisse.

Die bevindings van die verhoorhof ten

aansien van die rol wat elke appellant gespeel het, en wat tereg nie op appél aangeveeg is nie, kan soos volg

saamgevat word. Al vyf het klippe na die twee huise gegooi. Ten minste die derde appellant het ook 'n petrolbom gegooi. Hoewel klippe, en miskien ook petrolbomme, deur 'n groot aantal ander lede van die

skare gegooi is, het slegs die appellante aan die aanvalle op die oorledene deelgeneem. Die eerste appellant was een van die twee persone wat die oorledene by die agterdeur van mev Phalatsi se huis

beetgepak het. Dit was ook hy wat die oorledene met

sy geweer oor die kop geslaan het. Al vyf appellante

het die oorledene later na die straat getrek of

gesleep. Daar het die eerste appellant 'n buiteband

onder, en die derde appellant een bo-op, die oorledene

se lyf geplaas. Die vierde en vyfde appellante was

6/...6.die persone wat groot klippe teen die oorledene se kop gegooi het. Al vyf het stukke papier uit 'n asblik geneem en op die oorledene se lyf geplaas. Die derde appellant het die vloeistof oor die oorledene gegiet en die eerste appellant het dit met 'n vuurhoutjie laat ontvlam. Al vyf was vlakby die inferno in die klein

totdat alarm gemaak is. Vroeër het ten minste die eerste en vierde appellante die oorledene steekwondetoegedien.

Die verhoorhof het tereg bevind dat al vyf

appellante die oorledene se dood begeer en veroorsaakhet. Hulle het 'n gemeenskaplike doel gehad om die oorledene om die lewe te bring en aktief deelgeneemaan gesamentlike optrede wat op verwesentliking daarvan gerig was. Aldus het al vyf bygedra tot die bereiking van 'die gewenste gevolg. Vandaar die

skuldigbevindings op die moordklagte.

Die eerste drie appellante het nie ter

7/...

7. versagting getuig nie. (Trouens, die ander twee appellante het ook nie weer na hul skuldigbevindingsgetuig nie). Mnr Dawes, 'n lektor in sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad, het egter wel getuienis gegee.

Voordat by Dawes se getuienis stilgestaan

word, moet ietwat uitgewei word oor die waarskynlike oorsaak van die samedromming van die skare en die klipgooiery na die huise op perseel 900. Dit hettydens die eerste fase van die verhoor geblyk dat dienaweek voor die oorledene se dood onder andere UDFslagspreuke in 'n parkie in Tumahole aangebring was.

In opdrag van die plaaslike bestuur is die slagspreuke verwyder en die parkie as't ware gesloop. Dit het

gebeur 'n dag of wat voor die moord. Die slopingswerk

is verrig deur munisipale polisiemanne. Alhoewel die

oorledene nie deel daaraan gehad het nie, dui die waarskynlikhede daarop dat hy deur die skare - of

8/...

8. altans die grootste deel daarvan - met die verwydering van die slagspreuke verbind was. Dit was dan die redewaarom die samedromming in Matsiestraat plaasgevind het en die huise met klippe bestook is.

Die appellante het ontken dat hulle 'n

aandeel in die dood van die oorledene gehad het. Die eerste twee appellante het beweer dat hulle uit blotenuuskierigheid deel van die skare was maar weggehardloop het nadat die oorledene skote gevuur het. Die ander drie appellante het wel erken dat hulle klippe na die huise gegooi het, òf omdat hulle aangesê was om sulks te doen, òf omdat hulle bang was

om as "impimpis" bestempel te word as hulle passief sou bly. Wat huidiglik egter van belang is, is dat nie een van die vyf sy teenwoordigheid in Matsiestraat of sy deelname aan die klipgooiery met die sloping van die parkie in verband gebring het nie. Nie een het getuig dat hy daaroor veronreg gevoel het 9/...

9. of selfs dat hy enigsins polities gemotiveerd was nie. Die eerste appellant het trouens in soveel woorde ontken dat die sloping hom gegrief het. Ek keer nou terug na Dawes se getuienis. Wat betref toestande wat voor die gebeure in die woonbuurt geheers het, het Dawes hom hoofsaaklik op 'n verslag van ene Seekings verlaat. Die juistheid van die kern daarvan is blykbaar nie deur die respondent in geskil gestel nie. Dawes se steun daarop, en trouens ook die algemene strekking van sy getuienis, is dan ook deur die verhoorhof aanvaar, soos blyk uit die volgende uittreksels uit die uitspraak aangaande versagtende omstandighede:

"Daar het al vir etlike jare wyd-verspreide armoede onder die bewoners van Tumahole geheers asook grootskaalse werkloosheid. Daar was en is onvoldoende behuising aldaar, en die behuising wat daar is word dikwels oorbewoon. Heel waarskynlik verdien die meeste werknemers wat wel 'n inkomste verdien, 'n geringe inkomste sodat dit gesê kan word dat die gemiddelde inkomste in 10/...

10.

Tumahole gering van aard is. Huurgelde ten opsigte van die behuising het in 1982 met 21% gestyg en in 1983 met 50%. Daar was reeds onrusvoorvalle in Tumahole voor 1984, en op 15 Julie 1984 het daar, ná 'n winkelboikot, 'n protesoptog plaasgevind wat tot onluste gelei het. Vanaf 4 Augustus 1984 het skoolboikotte toegeneem en het die skole vir die res van daardie jaar gesluit. Onluste en skoolboikotte het ook in 1985 plaasgevind. Aanvalle was geloods op raadslede en hul eiendom. Beriggewers of sogenaamde 'sell-outs', of sodanige persone wat as sulks beskou was, was met groot agterdog bejeën. Teen die einde van 1985 en ook in 1986 het georganiseerde proteste toegeneem."

En:

"Ons aanvaar eenparig dat die deur Dawes genoemde toestande en omstandighede op 'n oorwig van waarskynlikhede gedurende die tydperk waaroor die Seekings-verslag gaan, geheers het en dat daardie omstandighede ook aanwesig was voor en op 29 Mei

1986. Sodanige toestande en omstandighede is naamlik faktore wat wel betrekking mag hê aangaande die vraag of daar versagtende omstandighede aanwesig is of nie. Ons aanvaar verder eenparig dat hierdie toestande en omstandighede waarskynlik aanleiding gegee het by groot getalle inwoners van Tumahole tot frustrasie en dat sodanige frustrasie in alle waarskynlikheid by sommige, en moontlik heelwat van, sodanig gefrustreerde inwoners regstreeks of onregstreeks gelei het tot boikotte van winkels.

11/...

11.

en skole, wegbly-aksies van hul werk, onluste en optogte en soortgelyke massa-optredes gedurende die sowat twee jaar wat die onderhawige moord en openbare geweld voorafgegaan het. Ons aanvaar voorts eenparig dat sodanige frustrasies nog steeds geheers het ten tye van die onderhawige misdade by, in alle waarskynlikheid, groot getalle van die inwoners van Tumahole. Dit is nie nodig om in te gaan op die vraag of sodanige frustrasies en die feite wat daartoe aanleiding gegee het, objektief geregverdig was of nie want, soos reeds genoem, is dit tans ons taak om 'n bevinding te maak aangaande watter omstandighede die geestesvermoëns of gemoedstoestand van die betrokke beskuldigdes subjektief beïnvloed het. Na ons eenparige mening volg dit uit ons bogenoemde aanvaardings dat die genoemde optredes deur inwoners van Tumahole derhalwe ook 'n politieke grondslag gehad het in die sin dat die inwoners, veral die minder gesofistikeerdes van hulle, wat aldus onder die genoemde frustrasies gebukkend gegaan het, subjektief beoordeel, geglo het dat die owerheidsgesag, insluitende dan ook, onder andere, sogenaamde munisipale polisie-amptenare, tot 'n mate medeverantwoordelik was vir sommige of selfs 'n groot aantal van die omstandighede waarvoor hulle hul lot bekla het tydens sodanige optredes of waarom hulle aan sodanige optredes deelgeneem het. Dit moet ook aanvaar word dat die sogenaamde 'impimpis' of 'sell-outs' (beriggewers of 'informers') deur waarskynlik baie mense met agterdog bejeën word."

Dawes het ook vermeld dat ene James Majola

12/...12. in Julie 1985 in die woonbuurt deur 'n swart polisieman doodgeskiet is en dat by sy begrafnis drie roudraers gedood is. Nadat die verhoorhof daarop gewys het dat betroubare getuïenis aangaande hierdie voorvalle ontbreek het, het dit soos volg voortgegaan.

"... ons [kan] egter nie van ons oorwegings uitsluit dat daar tydens vroeëre onluste 'n persoon of persone gedood mag wees nie want die waarskynlikheid bestaan wel dat sommige van die inwoners in Tumahole inderdaad subjektief geglo het dat daar 'n mens of mense gedurende onluste gedood was, en wel deur die polisie."

Met verwysing na bostaande uittreksels het

die verhoorhof die volgende ten aansien van die appellante gesê:

"Met betrekking tot die beslissing van die kwessie van versagende omstandighede aanvaar ons dus op 'n oorwig van waarskynlikhede dat al die beskuldigdes van hierdie toestande en omstandighede subjektief bewus was ten alle tersaaklike tye en dat sodanige subjektiewe bewustheid by hulle, insluitende hul frustrasies en ontevredenheid met die genoemde toestande en omstandighede, by elkeen van hulle bestaan het

13/...

13.

voor en tydens die gebeure op 29 Mei 1986 en dat die beskuldigdes gekant was teen die bestaande orde omdat hulle subjektief gemeen het dat die bestaande bestel vir daardie toestande en omstandighede verantwoordelik is."

Die verhoorhof het ook nog ander faktore

waarop Dawes gesteun het - en spesifiek die opswelling van gevoelens meegebring deur die sloping van die parkie - in ag geneem, en was bereid om te aanvaar dat Dawes se getuigenis 'n verklaring vir die samedromming van die skare en die klipgooiery gebied het. Dit het egter nie - aldus die verhoorhof - 'n blik gewerp op die rede of redes waarom uit die geledere van die groot skare slegs die vyf beskuldigdes daartoe oorgegaan het om die oorledene aan te rand en te vermoor nie. Die hof het veral gewig geheg aan die

feit dat selfs met inagneming van die persoonlike

agtergronde van die appellante Dawes nie 'n verklaring

vir die weersinwekkende aanvalle op die oorledene kon

bied nie. By ontstentenis van enige verduideliking

14/...

14.

vir hul optrede deur die appellante was die hof seslodsom dat nie een van die eerste drie appellante op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon het dat sygeestetoestand sodanig beïnvloed was dat dit as versagting aangemerkt kon word nie.

Spesifiek wat die eerste appellant betref,

het die hof ook twee verdere faktore in aanmerking geneem, nl., dat hy nie lank voor die gebeure in aanhouding was - blykbaar omdat hy as getuie in 'n ander strafsak benodig was - en dat hy getref was deur 'n haelkorrel of -korrels toe die oorledene hskoot afgevuur het. Wat eersgenoemde betref, het Dawes aanvaar dat die eerste appellant gemeen het dat die inwoners van Tumahole hom as 'n informant of medewerker van die polisie kon beskou. Na die mening van die verhoorhof het die eerste appellant egter nie geslaag om te toon dat sy vrees in kousale verband met

sy moorddadige optrede gestaan het nie. Net so min het

15/...15. hy bewys dat die wond wat hy opgedoen het - wat blykbaar geensins ernstig was nie - 'n woedebui tot gevolg gehad het of andersins op sy geestesgesteldheid ingewerk het nie. Maar, het die hof besluit, selfs al word aanvaar dat hy in uiterste woede opgetree het, sou hierdie omstandigheid nie as 'n versagtende een beskou kon word nie. Sedert die uitspraak betreffende versagtende omstandighede gelewer is, het die Strafwysigingswet 107 van 1990 in werking getree. Die draagwydte en effek van die tans tersaaklike wysigings is sedertdien in 'n hele aantal beslissings van hierdie hof onder die loep geneem. Die kern van daardie gewysdes is onlangs soos volg saamgevat in 'n tot dusver ongerapporteerde uitspraak van hierdie hof (Khumalo en Andere v Die Staat, 655/89):

"Die slotvraag is of die hof, alles in ag genome - strafverswarende en -versagtende faktore, die

16/...

16.

persoonlike omstandighede van die betrokke beskuldigde, die jurisprudentiële oogmerke van straf, die gemeenskapsbelang - van oordeel is dat die doodvonnis in werklikheid die enigste gepaste vonnis is; en by die beoordeling van daardie vraag op appèl geniet hierdie hof 'n selfstandige diskresie om die vonnis van die verhoorhof tersyde te stel en sy eie vonnis te substitueer indien hy van oordeel is dat hy nie self die doodvonnis sou opgelê het nie."

Ek hoef slegs by te voeg dat die bewyslas om buite redelike twyfel die bestaan van verswarende en die afwesigheid van versagtende faktore aan te toon op die Staat rus. Wat laasgenoemde betref, kom die bewyslas egter slegs ter sprake indien 'n redelike moontlikheid van die bestaan van 'n versagtende faktor uit die getuienis blyk: S v Nhwanyana and Others, 1990(4) SA 735(A) 744. Die eerste drie appellante was ten tyde van die moord onderskeidelik 23, 23 en 21 jaar oud. Dat daar, wat hulle betref, verswarende faktore was, behoef geen betoog nie en is namens hulle toegegee.

17/...

17.

Die aanvalle op en moord van die oorledene was wreeden weersinwekkend. 'n Mens kan jou trouens nouliksmeer barbaarse optrede voorstel. Veral verswarend is die feit dat hier nie 'n aaneenlopende en ononderbroke opvolging van gebeure was nie. Onthou sal word dat na die aanvanklike aanranding op die oorledene die appellante van hom weggevlug en hulle verskuil het. Dit het gebeur omdat iemand geskreeu het dat 'Npolisievoertuig aan die kom was. Dat die oorledene op daardie stadium magteloos was om hom te verset, blyk uit 'n navrante stukkie getuienis van sy vrou. Sy sê dat die oorledene se gesig vol bloed was en dat hy probeer het om orent te kom maar te swak was om dit te doen. Die verposing waartydens die appellante hulverskuil het, het voldoende geleentheid vir 'Nafwelling van gevoelens en besinning gebied. Maar toedit blyk dat 'n valse alarm gemaak was, kom die

appellante uit hul skuilplekke te voorskyn met die

18/...

18.

ontwyfelbare doel om die magtelose oorledene nie slegste dood nie maar verder te martel. Van een of andervorm van volgehoue, impulsiewe optrede was daar dusnet nie sprake nie.

Wat versagtende faktore betref, het die

appellante se advokaat in hoofsaak gesteun op diegetuienis van Dawes. Ek stem egter saam met dieverhoorhof dat daardie getuienis slegs betrekking hetop die optrede van die skare, in teenstelling tot dieappellante se aanvalle op die persoon van dieoorledene. Dawes het getrag om aan te toon waarom die

skare vergader en klippe na die huise gegooi het. Hyhet 'n verduideliking verstrek waarom individue wathulle andersins nie aan geweld skuldig sou gemaak hetnie, by die optrede van die skare betrokke kon geraakhet; bv, weens vrees om as "impimpis" beskou te wordof weens sogenaamde "peer pressure". Dawes het egter

ruiterlik toegegee dat hy geen verklaring vir die

19/...19. moorddadige optrede van die appellante - en meer spesifiek die eerste drie appellante - kon bied nie. Ten aansien van die eerste appellant het hy gesê:

"None of these factors offer a clear explanation for his role in the death of the deceased."

Bykans identiese getuienis is betreffende die tweede en derde appellante gegee. Trouens, en dit is belangrik, Dawes het dit duidelik gemaak dat motiverings vir en verklarings van die aanvalle op die oorledene nie binne sy deskundigheidsveld geval het nie. Hy het gesê:

... my explanation so far has discussed taking part in the crowd and beginning to conform to what is expected in that crowd. What I want to say is that there is another stage as the sort of thing that you are talking about, the vicious behaviour, the assaults and things like that, which is a second stage of the process. And that particular part of the process, the crowd behaviour and so on, is not an area of expertise of mine."

20/...

20.In hierdie verband moet steeds in gedagte gehou word dat 'n groot skare in Matsiestraat saamgedrom het, dat heelwat van hulle waarskynlik aan die klipgooiery deelgeneem het maar dat slegs die vyf appellante die oorledene fisies enige leed aangedoen het. Trouens, vanaf kort nadat die oorledene by die agterdeur van mev Phalatsi se huis beetgepak is, was die skare in essensie passief. Niemand anders as die appellante het hom op erf 901 begeef nie - altans nie in die nabyheid van die oorledene nie - en niemand anders het deelgeneem aan die afgryselike verwonding en verbranding van die oorledene in die straat nie.

Namens die appellante is ook aangevoer dat

hul onmenslike gedraginge, en veral die verbrandingnadat die oorledene reeds dodelik beseer was, daaropdui dat hulle beheer oor hulself verloor het. In dieveronderstelling dat dit ooit gebeur het, het ek egterreeds daarop gewys dat hulle 'n genoegsame geleentheid

21/...21. gehad het om beheer te herwin en tot hulle sinne te kom terwyl hulle hul verskuil het.

Ook is betoog dat die onderhawige nie 'n

vooraf beplande moord was nie. In die lig van wat reeds gesê is, is dit egter 'n neutrale faktor. Ten koste van herhaling moet weer eens beklemtoon word dat daar nie sprake van ononderbroke, impulsiewe optrede was nie. Ek let vervolgens op die rol wat elk van die eerste drie appellante gespeel het en op faktore wat daarmee verband hou.

Wat die eerste appellant betref, is tereg

toegegee dat geen peil getrek kon word op sy hoorsêbewerings teenoor Dawes dat hy op 'n stadium inaanhouding verkeer het nie. Ewe-eens is teregtoegegeen dat by ontstentenis van getuienis deur dieeerste appellant nie gesteun kon word op die feit dathy deur 'n haelkorrel of twee getref is nie. In

22/...

22.eerste instansie weet 'n mens nie of dit hom - soosDawes gespekuleer het - woedend gemaak het nie. Intweede instansie toon die getuienis aan dat hy slegslig verwond was en dat 'n nie onaansienlike tydperkverloop het voordat hy by die agterdeur van mevPhalatsi se huis opgedaag het. Indien die eersteappellant in 'n woedebui verval het, was daar dusvoldoende geleentheid vir ontlonting alvorens hy dieoorledene beetgepak het. Dit is derhalwe onnodig om

in te gaan op die vraag of woede veroorsaak deur dieverwonding die eerste appellant se optrede minderverwytbaar sou maak.

Dit ly geen twyfel nie dat die eerste

appellant op 29 Mei 1986 een van die voorbokke -

indien nie diê voorbok nie - was. Toe die skareoorspronklik saamgedrom het, het ene Shlangatse virPatrick Lesito nader geroep. Shlangatse het vir hom

gesê dat hy moes help om klippe te gooi omdat die

23/...

23.munisipale polisie die parkie gesloop het. Die eersteen tweede appellante was by en eersgenoemde het virLesito gesê dat as hy nie gehoor sou gee nie hy 'n

"impimpi" sou wees - wat duidelik 'n bedekte dreigement

ingehou het. Dit was die eerste appellant wat saammet 'n ongeëiende persoon - moontlik een van die anderappellante - die voorbereidingswerk vir die latereaanvalle gedoen het deur die oorledene by diereedsgenoemde agterdeur beet te pak. Dit was hy watdie oorledene die eerste - en klaarblyklik 'n ernstige

- besering toegedien het deur hom met laasgenoemde segeweër oor die kop te slaan. Behalwe toe hy soosvoormeld geskuil het, was hy deurgaans in dieonmiddellike teenwoordigheid van die oorledene. Ditwas hy wat nadat die appellant die aanvalle hervathet die oorledene met 'n mes gesteeke het. Dit was hywat 'n buiteband onder die oorledene se lyf geplaas het. En dit was hy wat, nadat almal stukke papier oor

24/...24. die oorledene se lyf gestrooi het, die finale hoofstuk van die barbaarse' tragedie voltooi het deur die oorledene aan die brand te steek.Dat gewelddadige optrede nie iets vreemds vir die eerste appellant was nie, blyk uit sy vorige veroordelings. Hy is naamlik in 1980 en 1983 skuldig bevind op twee roofklagte waarby dreigemente met 'n mes betrokke was, asook op twee aanrandingsklagte waarby van 'n mes gebruik gemaak is.In die geval van die eerste appellant kan ek geen versagende faktore bevind nie. Daarteenoor roep die verswarende faktore so luidkeels om vergelding dat selfs lewenslange gevangenisstraf onvoldoende is en die doodstraf na my mening die enigste gepaste straf is.

Elk van die tweede en derde appellant -

veral laasgenoemde - het 'n mindere rol as die eerste

appellant gespeel. Hulle het niks aan die oorledene

25/...

25.gedoen nie alvorens die eerste appellant hom met diegeweer oor die kop geslaan het, en selfs daarna toondie getuienis nie aan dat hulle hom aangerand hetbehalwe dat hulle die ander gehelp het om hom te sleepen te trek nie. Dit is egter so dat die derdeappellant die buiteband op die oorledene se lyfgeplaas het en die vloeistof oor hom uitgegooi het, endat hy en die tweede appellant die ander driebehulpzaam was om stukke papier uit 'n asblik te haalen oor die oorledene te strooi, klaarblyklik wetendewat die oogmerk daarmee was. Dit is vir my egter 'nredelike moontlikheid dat die optrede van die eersteappellant, en veral sy aanvanklike aanranding van dieoorledene wat laasgenoemde ernstig beseer het, askatalisator gedien het wat die toetrede van die anderappellante uitgelok het. Dit is dus net so moontlikdat hulle nie tot geweld sou oorgegaan het as dit nievir die - vir hulle - provoserende voorbeeld van

26/...

26.geweldsuitoefening deur die eerste appellant was nie.

Indien nou voorts in ag geneem word dat nie een vandie tweede of derde appellante tersaaklike vorige veroordelings het nie en dat daar dus nie 'n waarskynlikheid is dat hulle hul weer aan hgeweldsmisdaad skuldig sal maak nie, kom ek tot die gevolgtrekking - weliswaar nie sonder 'n mate van huiwering wat die derde appellant betref nie - dat nie die doodstraf nie maar wel langtermyn gevangenisstraf die gepaste vonnis is. So 'n vonnis vir die derde appellant is 20 jaar, en vir die tweede appellant 15 jaar, gevangenisstraf.

Ek kom dan by die vonnis van 20 jaar

gevangenisstraf wat elk van die vierde en vyfde

appellant opgelê is. In teenstelling met die eerste

drie appellante wat almal volwassenes was, was die vierde en vyfde appellante ten tyde van die moord

onderskeidelik net oor die 17 en 16 jaar oud. Nie een

27/...

27. van die twee het vorige veroordelings gehad nie. In die verslag van die proefbeampte, mnr Barnard, wat deur die verhoorregter aangevra is, is daar dan ook geen aanduiding van gewelddadige of enige ander kriminele neigings aan die kant van die vierde en vyfde appellant nie.

Toe die vierde en vyfde appellante gevonnis

is, was dit nie verpligtend om hul die doodvonnis op te lê selfs indien - benewens jeugdigheid - geen versagtende omstandighede aanwesig was nie. In die geval van 'n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar het die wetgewer klaarblyklik jeugdigheid as 'n outomatiese versagtende omstandigheid beskou. Onder die nuwe bedeling meegebring deur die reeds genoemde wet kan 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar natuurlik nie tot die dood veroordeel word nie

(gewysigde art 277(5)(a) van die Strafproseswet 51 van

1977). Jeugdigheid as "versagtende" faktor word dus

28/...

28.

nog sterker as vroeër aangeslaan.

Die verhoorregter het veral twee oorwegings

in ag geneem by die bepaling van die duur van die vierde en vyfde appellante se gevangenisstraf, nl, die gruwelikheid van hul dade en die afleiding dat hulle uit inherente boosheid opgetree het. Dat die twee appellante hul aan weersinwekkende gedrag skuldiggemaak het, val nie te betwyfel nie. Dit was immers hulle wat in Matsiestraat die swaargewonde oorledene se skedel vergruis het deur groot klippe daarop te gooi. Voeraf het die vierde appellant die oorledene ook met 'n mes gesteek. Dan het hulle ook gehelp ompapierstukke oor die oorledene te strooi wetende vandie

voorneme om hom aan die brand te steek. Soos indie geval van die tweede en derde appellante het hulle egter nie aan die aanvanklike aanvalle op die

oorledene deelgeneem nie. Hulle het eers op die

toneel verskyn na die eerste appellant se opruiende

29/...

29.aanranding van die oorledene.Ek is nie oortuig dat dit enige nut het om by beoordeling van die blaamwaardigheid van 'n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar die begrip "innerlike boosheid" by te haal nie. 'n Persoon onder bedoelde ouderdom is uiteraard onvolwasse. In die reël het hy 'n gebrek aan oordeelsvermoë en selfbeheersing en is hy maklik vatbaar vir beïnvloeding

- al is dit net deur gedrag van andere wat as voorbeeld vir hom dien. Wat dus in die geval van 'n volwassene of self s 'n persoon in sy laat tienerjare as innerlike boosheid beskou kan word, kan by die onder agtienjarige aan bogenoemde eienskappe en omstandighede te wyte wees.

By die oplegging van gevangenisstraf aan so

'n jeugdige moet dan ook daarteen gewaak word dat sywaarskynlike of selfs moontlike gesonde ontplooiing as'n volwassene nie geknak word deur die onvermydelike

30/...

30.negatiewe uitwerking van 'n baie lang termyn gevangenisstraf nie. En in die huidige geval is die vierde en vyfde appellante volgens die bestaande vonnisse onderworpe aan gevangenissetting vir 'n langer tydperk as elk se lewensjare.Na my oordeel is 'n gepaste vonnis vir die vierde appellant 10 jaar, en vir die vyfde appellant 8 jaar, gevangenisstraf. Hierdie vonnisse verskil so aanmerklik van dié opgelê deur die vêrhoorregter dat hierdie hof geregtig is om in te meng.Gevolglik word die appèl van die eerste appellant afgewys en die appèlle van die ander vier appellante gehandhaaf. Wat die tweede tot die vyfde appellante betref, word die vonnisse deur die verhoorregter op die eerste aanklag opgelê soos volg gewysig:

- (1) Die tweede appellant : Die doodstraf word vervang deur 15 jaar gevangenisstraf.

31/...

31.

- (2) Die derde appellant : Die doodstraf word vervang deur 20 jaar gevangenisstraf. (3) Die vierde appellant : Die gevangenisstraf van 20 jaar word vervang met 10 jaar sodanige straf. (4) Die vyfde appellant : Die gevangenisstraf van 20 jaar word vervang met 8 jaar sodanige straf.

Ten aansien van elk van die tweede tot die vyfde appellante word gelas dat die gevangenisstraf opgelê op die tweede aanklag meelopend met bogenoemde strawwe moet wees.

H J O VAN HEERDEN APPÈLREGTER

HEFER AR

- Stem saam

STEYN AR

---

### Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

**ORIGINAL SOURCE**      <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1991/84.html>

**CASE PAGE**              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-machasa-and-others-unknown-topic-asca-1991--6a3ea5163b1caa912980d581>

Prepared on 14 October 2026 · Esheria